# Gans Berg Nuus/News

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond,
Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

14 Maart 2025 | PRYS / PRICE R12.00 | 242ste Uitgawe




TMS BOUERS
Manny 082 675 8410
admin@tmsbouers.co.za

Since 1999
NHBRC NO: 3000265163
REG NO: 1999/031335/23


# B'bos Basaar beteken... pret, plesier en baie eet

Die jaarlikse Baardskeerdersbos (B'bos) Basaar het, soos gewoonlik, nie teleurgestel nie - ook nie die vinnige proetjie aan die snapsie B'bos witblits waarmee Raadslid Steven Fourie rondgestap het nie - eie aan hierdie gewilde basaar! Om nie te praat van die boeremusiek-manne nie - daarsonder sal dit ook nie 'n B'bos Basaar kan wees nie.

"*Early bird catches the worm*", was nog altyd die norm vir 'n besoek aan die basaar - kom laat, en dis te laat. Die toue vir sosaties (ongelooflik lekker!), pannekoek en poeding was moedeloos lank, maar almal kon geholpe raak. Aan iets te ete of te kope was daar ook geen tekort nie - koeke, brode, vleis, afval, koud en warm drinkgoed en groente tot by worsbroodjies, gebreide en ander selfgemaakte artikels, potjiekos, ds Willie Kotze se 'ontbyt-roosterbroodjie met spek en eier' en baie meer. Die belangrikste en 'n uitstaande kenmerk van die Bbos Basaar is die gesellige atmosfeer en samesyn tussen vriende, nuwe vriende en kennisse - dít maak van die 'plaasbasaar' 'n basaar vanuit 'n ander wêreld.

**Hardus Botha**








BATTERY CORP

WE STOCK THE FOLLOWING
- ALL AUTOMOTIVE BATTERIES
- DEEP CYCLE GEL BATTERIES
- LITHIUM BATTERIES
- GOLF CAR BATTERIES
- MOTORCYCLE BATTERIES
- SOLAR PANELS
- INVERTORS


DEKRO PAINTS
- ALL MARINE PAINTS AVAILABLE AT BATTERY CORP

WWW.BATTERYCORP.CO.ZA
25 MAIN RD GANSBAAI 083 286 8040
WWW.DEKRO.CO.ZA








# Dr Arien van der Merwe permanent in Gansbaai



"Die permanente vestiging van my holistiese, integrerende en natuurlike gesondheidsorgbedryf in Gansbaai, is vir my 'n hoogtepunt," het dr Arien van der Merwe (MBChB; ASCHP) gesê. Sy is 'n mediese dokter wat in natuurlike medisyne en *Holistic Councelling* en baie meer spesialiseer. In 'n vorige persoonlike onderhoud met die Gans-Berg Nuus (7 Februarie 2025, "*Geluk en gesondheid is ons geboortereg*"), het sy gesê sy begin eersdaags konsultasies in dr Helena Hendricks se spreekkamers, wat steeds hangend is.

Arien is baie opgewonde oor haar besigheid wat sy reeds as *Baai Fransche Health* in Eenheid 6, Hoofstraat 37, langs Pathcare in Gansbaai bedryf. Sy het ook 'n winkelassistent aangestel, die bekende Christine Dreyer.

Arien is sedert 1995, sowat 30 jaar, in die holistiese, integrerende en natuurlike gesondheidsorgbedryf betrokke. Haar visie is eenvoudig: '*To aim for exuberant health and happiness for all through sensible science and nature in balance*". Haar missie laat geen twyfel oor haar passie en doelwitte nie: '*To pursue and inspire a life of abundance through health education and ongoing research and to enhance health and wellbeing through simple but effective practical tips, tools, and techniques - health and happiness are our birthright and diseases do not have to be eradicated, but rather, health must be rediscovered and restored most naturally and gently, to rebalance our innate physiology*'.

The diagram for Arien's '*Health Coaching Wheel*' for optimising Health & Well-being in 12 weeks, consists of a central point, '*Health Coaching*' - from there, in a circle, are Physical, Mental Emotional, Spiritual, Relationships, Play/Fun and Work and Financial Well-being. The following website can be visited: https://xplorio.com/gansbaai/health-talk-by-dr-arien/

**Groeneweide:**
Arien will be at Groeneweide, *The Hangkas*, on Wednesday, 19 March 2025, from 10:00 to 11:00 where she will highlight the essential role of natural food supplements and herbal remedies in a holistic healing model. Attendance is free, but booking is essential, due to limited space. Book via Xplorio (https://xplorio.com/gansbaai/health-talk-by-dr-arien), or call Christine at 072 889 3998 or Dr Arien at 083 731 2049. In her presentation, she will be focusing on the body's ability to restore balance naturally. Unlike conventional medicine, which often treats symptoms, holistic healing incorporates vitamins, minerals, and plant-based compounds to strengthen immunity, reduce inflammation, and enhance overall well-being. By addressing nutritional deficiencies and promoting lifestyle factors such as healthy eating, stress management, and mindfulness, this approach empowers individuals to take charge of their health. Using nature's resources, holistic healing nurtures long-term wellness in a gentle yet effective way. Refreshments can be ordered from Groeneweide Restaurant.

Besoek gerus Arien se webtuiste by www.ArianiHealth.com. Haar kontaknommer is 083 731 2049, of stuur 'n epos aan haar by doctor@arianihealth.com.

**Hardus Botha**





# 2de Plaasaanval binne 18 dae

"'n Huisroofsaak is deur die Stanford-polisie vir verdere ondersoek geregistreer," het Sersant Wesley Twigg, Mediaskakelbeampte, Mediasentrum Hermanus, aan die Gans-Berg Nuus gesê. Die voorval het buite Stanford in Wortelgatweg op Saterdag, 08 Maart 2025 omstreeks 02:40 die oggend, plaasgevind.

"Volgens berigte het drie onbekende verdagtes die klaer se woning binnegegaan, hulle vasgebind en juweliersware, selfone en 'n skootrekenaar gevat, voordat hulle van die toneel gevlug het", het Sers Twigg gesê. Vermoedelik is die man met 'n mes in sy bene gesteek. Sers Twigg het bevestig dat 'n volwasse man in hegtenis geneem is in verband met die rooftog en sal in die Hermanus-landdroshof verskyn sodra hy aangekla is.

Die Gans-Berg Nuus (28 Februarie 2025) het 'n berig, '*Plaasaanval op ons drumpel*', geplaas. Die aanval het op Woensdag, 19 Februarie 2025 op 'n plaas, ook net buite Stanford, plaasgevind. Die egpaar is deur 5 mans oorrompel en aangerand. In daardie geval het hulle met sowat R800 kontant, 3 skootrekenaars, waarvan 2 'n paar meter van die toneel gekry is, asook 'n kluis met sowat R10 000 daarin, met 'n motor op die vlug geslaan.

Die gemeenskap kan in altwee die voorvalle met Stanford SAPD by
028 341 0601 in verbinding tree.

**Hardus Botha**












# Tannie Nellie van Dyk bereik 104de lewensjaar



*Tannie Nellie van Dyk (104).*

Tannie Nellie van Dyk (née Lötter), 'n HaS-inwoner sedert Oktober 2014, het op 28 Februarie 2025 haar 104de verjaarsdag gevier - en alte pragtig aan die kop van die tafel gesit, met balonne en 'n yslike '104' bokant haar kop. Verskeie familielede en vriende, asook haar seun, Johan van Dyk (Stanford) en haar dogter, Claudina Butler (Montaque) was teenwoordig. Daar is heerlik saamgekuier, gesing en verversings geniet met 'n tafel wat oorlaai was met verleidelike eetgoed.

"Ek is nog my hele lewe deur 'n dankbare mens," het Tannie Nellie gesê. Op 104-jarige ouderdom is Tannie Nellie se brein nog flink en gelaai met humor - sy lees steeds haar boeke en hekel nog wanneer sy daarna voel. Maar...o weë...met die kamera op haar gerig, is dit nag. "Ek weier nog my hele lewe deur dat foto's van my geneem word," het sy gemaak-kwaai, net soos verlede jaar, gesê, maar darem effens geglimlag! Sy is op 28 Februarie 1921 op die plaas, Vredenburg gebore, maar na haar troue met wyle Oom Danie, het hulle na die plaas Hartebeeskloof (die Van Dyk's se familieplaas) verhuis, sowat '12 myl' buite Stanford op die Papiesvlei-pad uit, waar hulle geboer het.



Vroeër jare was Tannie Nellie knap met die ontwerp en maak van trourokke, asook enige ander naaldwerk. Haar hande het ook nie vir skilderkuns, blomme-rangskikkings en baie ander kunswerke verkeerd gestaan nie.

Tannie Nellie en wyle Danie het drie kinders gehad. Jannie, Petronella (oorlede) en Glaudina is uit die huwelik gebore.

Nou-ja, wat sê mens van 'n leeftyd van 104 lewensjare?! Die redaksie van Gans-Berg Nuus wens Tannie Nellie 'n gesonde en gelukkige nuwe lewensjaar toe!


**Hardus Botha**

ADVERT OF THE WEEK




TO LET / TE HUUR

2 Aparte Woonstelle te huur op plaas grond
- Franskraal Area - 5min uit Gansbaai
- Groot leef Areas
- R5000 en R6000pm
- Koop krag in elke woonstel
- Groot woonstel onmiddelik beskikbaar
- Kleiner woonstel beskikbaar vanaf 1 Mei 2025
Kontak Annetjie 082 395 5687





**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**

**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*





## UNDER THE MICROSCOPE

It's un-lichen anything you've seen before!


Once you start to notice them, you'll find that lichens occur all around us - from tree bark to rocks, soil and leaves. A lichen is not a single organism, but a symbiotic relationship between a fungus and an alga (or cyanobacterium). *Telochistes chrysopthalmus* or the Golden-eye lichen is characterized by their vivid orange apothecia (fruiting bodies) which are surrounded by tiny "eyelashes". At Grootbos, these lichens can be found on the canopy branches of the Milkwood forest and edges of the Afromontane forests.

Brought to you by the Grootbos Foundation Entomology team









# Shofar Christian Church nou in Gansbaai



*Wian en Kayleigh Theron, saam met hulle pragtige Nina.*

Shofar Hermanus het lidmate in Gansbaai wat Sondae na Hermanus moes ry. Soos wat groei plaasgevind het, het hulle die versoek gerig om 'n gemeente in Gansbaai te plant (stig). Aan die begin van 2024 het Hoofpastoor Andries van der Merwe Gansbaai se lidmate 4 keer per jaar bedien.

Wian (32) en Kayleigh (32) van Sofar het aan die begin van 2023 'n 3-maande Kerkplantkursus onder leiding van Andries en past Werner Joubert deurloop. “Altwee van ons se harte is in die bediening, maar ons het op die Here gewag vir die regte tyd,” vertel Wian. “Reeds vanaf die einde van 2024 was ons deel van die bediening van Gansbaai se lidmate op 'n maandelikse basis, maar het gevoel die Here roep ons om permanent hierheen te kom.”

Hulle deur Sofar Hermanus afgevaardig om as Ouderlinge die kerk in Gansbaai vanaf 2 Maart 2025, met die plant van die gemeente, op 'n permanente basis te bedien. Wian tree as funksionele pastoor op, maar sal later as volwaardige pastoor ge-orden word. Die egpaar sal nou as Ouderlinge die nuutgestigde Shofar Christian Church in Gansbaai bedien. Na afloop van Sondag se diens het die gemeentelede gesellig tydens 'n funksie saamverkeer.

Wian het in Kleinmond grootgeword, waar daar 2 jaar gelede 'n Shofar-gemeente geplant is. Die egpaar was altwee in Hermanus Hoërskool. Wian is 'n Mariene Ingenieur en het vir sowat 10 jaar op die skepe gewerk. “Na 5 jaar op die skepe, het ek die Here ontmoet en my hele lewenshandel het daarna verander,” vertel hy. Kayleigh het haarself as 'n Grondslag onderwyser gekwalifiseer. In 2021 het hulle by Shofar Hermanus ingeskakel. Die egpaar het 'n pragtige dogtertjie, Nina (8 maande).

**History in short**

Fred and Lucille May, started *Shofar Christian Church* in Stellenbosch in 1992. Since then, they've grown from a student fellowship to an international, multi-generational, multi-cultural church family with congregations in South Africa, Namibia, the United Kingdom, Burundi, and the Netherlands. They have more than 50 churches, with everything from lively young congregations in cities to family-orientated churches in farming towns. They also have a growing number of new church plants, as well as fellowship groups and streaming locations.

Shofar (pronounced as 'show far'), is the Hebrew word for the ceremonial ram's horn. In Biblical times, the shofar had several uses:

*It was used to announce the advent of times and seasons.
*It was a pitcher for the oil used for anointing and inducting kings and priests.
*It also signalled a summons to war.
*The shofar is a metaphor for prophetic urgency, authority and mobilisation.

Eredienste word elke Sondag om 10:00 in Gansbaai Gholfklub se saal aangebied en almal is welkom. Vir enige navrae kan Wian Theron by 072 773 3553 geskakel word, of stuur 'n e-pos aan hom by wian.theron@shofaronline.org



*'n Shofar*







**Hardus Botha**



# Admission for the 2026 school year opens on 11 March

Admissions for the 2026 school year will open on Monday, 11 March 2025. The application period for Grade R, 1 and 8 closes on 15 April 2025.

All parents and guardians with children entering Grade R, Grade 1, or Grade 8 next year are encouraged to prepare the necessary documents for their applications in advance, ensuring they are ready to apply when admissions open. This will help avoid the need to return home to fetch additional paperwork.

**The following certified documents will be required for all applications:**

- Copy of Road to Health Card
- Latest official school report (Gr 1&8)
- Proof of address
- Copies of parent's ID documents
- Copy of learner's birth certificate

Applications are to be submitted online on the WCED website.

Parents who cannot access the online system can receive assistance in person from the Overstrand Municipality's Thusong team on the following dates:

**GANSBAAI**
13 March - Blompark Community Hall
09 April - Eloxulweni Community Hall
15 April - Masakhane Community Hall

**STANFORD**
10 & 11 April - Die Stoor

**KLEINMOND**
09 March - Overhills Community Hall
12 March - Proteadorp Community Hall
24 March - Mooiuitsig Community Hall, Betty's Bay

**HERMANUS**
20 March - Moffat Hall, Mount Pleasant
08 April - Zwelihle Community Hall
14 April - Zwelihle Community Hall
Everyday - Hawston Thusong Centre

For detailed instructions and to apply, parents can visit the admissions website at: https://www.westerncape.gov.za/education/service/learner-admissions

For any further enquiries please contact Ronell Salies on 028 315 2784 or rsalies@overstrand.gov.za

*Overstrand Municipality*




## OVERSTRAND MUNICIPALITY

### ERF 1299, 31 FRONT STREET, DE KELDERS: APPLICATION FOR REMOVAL OF A RESTRICTIVE TITLE DEED CONDITION: MESSRS WRAP PROJECT OFFICE ON BEHALF OF DR VIRGINIA BUSER

Notice is hereby given in terms of Sections 47 and 48 of the Overstrand Municipality Amendment By-Law on Municipal Land Use Planning, 2020 (By-Law), of the following application applicable to the above-mentioned erf, namely:

**Removal of a restrictive title deed condition**
Application in terms of Section 16(2)(f) of the By-Law to remove condition E(I)(c) as contained in Title Deed 42238/2021, to accommodate a proposed second dwelling on the property.

Details regarding the proposal is available for inspection during weekdays between 08:00 and 16:30 at the Department: Town Planning at 16 Paterson Street, Hermanus and Gansbaai Library, Main Road, Gansbaai. Any written comments must be submitted in accordance with the provisions of Sections 51 and 52 of the said By-law to the Municipality (16 Paterson Street, Hermanus / (e) alida@overstrand.gov.za on or **before Thursday, 17 April 2025** quoting your name, address, contact details, interest in the application and reasons for comments. Telephonic enquiries can be made to the **Senior Town Planner, Mnr. S.W. van der Merwe** at 028 313 8900. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot read or write may visit the Town Planning Department where a municipal official will assist them in order to formalize their comment.

## OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

### ERF 1299, FRONTSTRAAT 31, DE KELDERS: AANSOEK OM OPHEFFING VAN 'N BEPERKENDE TITELAKTEVOORWAARDE: MNRE WRAP PROJECT OFFICE NAMENS DR VIRGINIA BUSER

Kennis word hiermee gee ingevolge Artikels 47 en 48 van die Overstrand Munisipaliteit Wysigingsverordening vir Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2020 (Verordening) van die volgende aansoek van toepassing op die bogenoemde erf, naamlik:

**Opheffing van 'n beperkende titelaktevoorwaarde**
Aansoek ingevolge Artikel 16(2)(f) van die Verordening vir die opheffing van voorwaarde E(I)(c) soos vervat in Titelakte 42238/2021, om 'n voorgestelde tweede woning op die eiendom te akkommodeer.

Besonderhede aangaande die voorstel lê ter insae gedurende weeksdae tussen 08:00 and 16:30 by die Departement: Stadsbeplanning te Patersonstraat 16, Hermanus en by Gansbaai Biblioteek, Hoofweg, Gansbaai. Enige kommentaar moet skriftelik ingedien word in terme van Artikels 51 en 52 van die bogenoemde Verordening by die Munisipaliteit (Patersonstraat 16, Hermanus / (e) alida@overstrand.gov.za voor of op **Donderdag 17 April 2025**, vergesel van u naam, adres, kontak besonderhede, belang in die aansoek en redes vir kommentaar. Telefoniese navrae kan gerig word aan die **Senior Stadsbeplanner, Mnr. S.W. van der Merwe** by 028 313 8900. Die Munisipaliteit mag weier om kommentare te aanvaar na die sluitingsdatum. Enige persoon wat nie kan lees of skryf nie kan die Departement Stadsbeplanning besoek waar hul deur 'n munisipale amptenaar bygestaan sal word ten einde hul kommentaar te formuleer.

## UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

### ISIZA 1299, 31 FRONT STREET, DE KELDERS: ISICELO SOKUSUSWA KWEZITHINTELO NGOKWEMIGAQO: WRAP PROJECT OFFICE EGAMENI DR VIRGINIA BUSER

Isaziso siyanikezelwa ngokweCandelo lama-47 nelama-48 loMthetho kaMasipala woLungiso loLungiso lukaMasipala waseOverstrand kuCwangciso lokuSetyenziswa koMhlaba kaMasipala, ka-2020 (uMthetho kaMasipala) kwesi sicelo silandelayo sisebenza kwesi siza sikhankanywe apha ngasentla, esizezi:

**Ukususwa kweMiqathango yeSivumelwano soBunini esiThintelweyo**
Isicelo ngokuhambelana neCandelo le-16(2)(f) loMthetho kaMasipala sokususa imiqathango yesithintelo setayitile yobunini E(I)(c) njengoko iqulethwe kwiSivumelwano soBuninimhlaba esinguNombolo 42238/2021 ukulungiselela indawo yokuhlala yesibini ecetywayo kwipropati.

Iinkcukacha ngesi sindululo ziyafumaneka ukuze zihlolwe ngeentsuku zokusebenza ngamaxesha eveki phakathi kwentsimbi ye-08:00 neye-16:30 kwiSebe: Zicwangiso ngeDolophu kwa-16 Paterson Street, Hermanus kunye neThala leeNcwadi laseGansbaai, eMain Road, eGansbaai. Naziphi na izimvo ezibhaliweyo mazingeniswe ngokungqinelana nezibonelelo zeCandelo 51 kunye nelama-52 alo Mthetho kaMasipala oxeliweyo kuMasipala (16 Paterson Street, Hermanus / (e) alida@overstrand.gov.za phambi okanye phambi, **uLwesine, 17 Utshazimpunzi 2025** unike igama lakho, idilesi neenkcukacha zonxibelelwano nawe, umdla wakho kwesi sicelo nezizathu zokunika izimvo. Xa ufuna ukubuza into malunga nesi saziso ungatsalela umnxeba **Umcwangcisi Wedolophu uMnu. S.W. van der Merwe** kule nombolo 028-313 8900. UMasipala unokwala ukwamkela izimvo ezifunyenwe emva komhla wokuvala. Nawuphi na umntu ongakwaziyo ukufunda okanye ukubhala angandwendwela iSebe loCwangciso lweDolophu apho igosa likamasipala liya kuthi limncede ukuze abhale ngokusesikweni izimvo zakhe.

DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 45/2025

152992

## OVERSTRAND MUNICIPALITY

### ERF 715, 25 FRONT STREET & ERF 716, 54 STEYN STREET, DE KELDERS: APPLICATION FOR REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE DEED CONDITIONS, SUBDIVISION AND CONSOLIDATION: MESSRS WRAP PROJECT OFFICE ON BEHALF OF DR VIRGINIA BUSER AND NOVEL ADEA TRADING 113 CC

Notice is hereby given in terms of Sections 47 and 48 of the Overstrand Municipality Amendment By-Law on Municipal Land Use Planning, 2020 (By-Law), of the following applications applicable to the above-mentioned properties, namely:

**Removal of restrictive title deed conditions**
Application in terms of Section 16(2)(f) of the By-Law, for the removal of restrictive title deed conditions D(A)(c) and D(B)(e) as contained in the Title Deed 51851/2023 applicable to Erf 716, De Kelders, to accommodate the proposed subdivision and the second dwelling on the property.

**Subdivision**
Application in terms of Section 16(2)(d) of the By-Law, to subdivide Erf 716, De Kelders into two (2) portions namely, Portion A approximately 699m² in extent and a Remainder approximately 699m² in extent.

**Consolidation**
Application in terms of Section 16(2)(e) of the By-Law, to consolidate Portion A and Remainder of Erf 715, De Kelders to create one erf approximately 1387m² in extent.

Full details regarding the proposal are available for inspection during weekdays between 08:00 and 16:30 at the Department: Town Planning, 16 Paterson Street, Hermanus and Gansbaai Library, Main Road, Gansbaai. Any comment must be in writing, quoting your name, address and contact details, as well as your interest in the application and the reasons for comment, which comment must reach the Municipality (16 Paterson Street, Hermanus / (e) alida@overstrand.gov.za) on or before **Thursday, 17 April 2025**. Telephonic enquiries can be made to the **Senior Town Planner, Mr. S.W. van der Merwe** at 028 313 8900. The Municipality may refuse to accept comments received after the closing date. Any persons who cannot read or write may visit the above appropriate Municipal Department where a Municipal official will assist them in formulating their comment.

## OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

### ERF 715, FRONTSTRAAT 25 & ERF 716, STEYNSTRAAT 54, DE KELDERS: AANSOEK OM OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELAKTE VOORWAARDES, ONDERVERDELING EN KONSOLIDASIE: MNRE WRAP PROJECT OFFICE NAMENS DR VIRGINIA BUSER EN NOVEL IDEA TRADING 113 CC

Kennis word hiermee gegee ingevolge Artikels 47 en 48 van die Overstrand Munisipaliteit Wysigingsverordening vir Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2020 (Verordening), van die volgende aansoeke van toepassing op die bogenoemde eiendomme, naamlik:

**Opheffing van beperkende titelaktwoorwaardes**
Aansoek ingevolge Artikel 16(2)(f) van die Verordening, vir die opheffing van die beperkende voorwaardes D(A)(c) en D(B)(e) soos opgevat in Titelakte 51851/2023 van Erf 716, De Kelders om die voorgestelde onderverdeling en die tweede woning op die eiendom te akkommodeer.

**Onderverdeling**
Aansoek ingevolge Artikel 16(2)(d) van die Verordening, om Erf 716, De Kelders in twee (2) gedeeltes te onderverdeel naamlik, Gedeelte A ongeveer 699m² groot en 'n Restant ongeveer 699m² groot.

**Konsolidasie**
Aansoek ingevolge Artikel 16(2)(e) van die Verordening, om Gedeelte A en Restant van Erf 715, De Kelders te konsolideer om een erf ongeveer 1387m² groot te skep.

Volle besonderhede rakende die voorstel hierbo is beskikbaar vir inspeksie gedurende weeksdae tussen 08:00 en 16:30 by die Departement: Stadsbeplanning, Patersonstraat 16, Hermanus en Gansbaai Biblioteek, Hoofweg, Gansbaai. Enige kommentare moet skriftelik wees, u naam, adres, en kontakbesonderhede bevat, sowel as u belang in die aansoek en die redes vir kommentaar, welke kommentaar die Munisipaliteit (Patersonstraat 16, Hermanus (e) alida@overstrand.gov.za) moet bereik voor of op **Donderdag, 17 April 2025**. Telefoniese navrae kan gerig word aan die **Senior Stadsbeplanner, Mnr. S.W. van der Merwe** by 028 313 8900. Die Munisipaliteit mag weier om kommentare te aanvaar na die sluitingsdatum. Enige persone wat nie kan lees of skryf nie kan bogenoemde toepaslike Munisipale Departement besoek waar hul deur 'n munisipale amptenaar bygestaan sal word ten einde hul kommentaar te formuleer.

## UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

### ISIZA 715, 25 FRONT STREET & ISIZA 716, 54 STEYN STREET, DE KELDERS: ISICELO SOKUSUSWA KWEZITHINTELO NGOKWEMIGAQO, UKWAHLULWA NOKUHLANGANISA: WRAP PROJECT OFFICE EGAMENI DR VIRGINIA BUSER & NOVEL IDEA TRADING 113 CC

Isaziso siyanikezelwa ngokweCandelo lama-47 nelama-48 loMthetho kaMasipala woLungiso loLungiso lukaMasipala waseOverstrand kuCwangciso lokuSetyenziswa koMhlaba kaMasipala, ka-2020 (uMthetho kaMasipala) kwezi zicelo zilandelayo zisebenza kwezi propati zikhankanywe apha ngasentla, ezizezi:Ukususwa kweMiqathango yeSivumelwano soBunini esiThintelweyo:

**Isicelo ngokuhambelana neCandelo**
le-16(2)(f) loMthetho kaMasipala sokususa imiqathango yesithintelo setayitile yobunini D(A)(c) & kunye D(B)(e) njengoko iqulethwe kwiSivumelwano soBuninimhlaba esinguNombolo 51851/2023 esetyenziswa kwiSiza-716, eDe Kelders, ukulungiselela ulwahlulo-mhlaba olucetywayo kunye nendawo yokuhlala yesibini kwipropati;

**Ulwahlulo**
Isicelo ukwahlulwa ngokumayela neCandelo 16(2)(d) loMthetho kaMasipala ukuze kwahlulahlulwe Isiza 716 De Kelders ibe yizahlulo ezibini (2) ezizezi, iSahlulo A esimalunga nama-699m² ngobubanzi kunye neNtsalela emalunga nama-699m² ngobubanzi.

**Ukudityaniswa**
Isicelo Ukudityaniswa ngokumayela neCandelo 16(2)(d) loMthetho kaMasipala ukudibanisa iSahlulo A kunye neNtsalela yeSiza-715, eDe Kelders ukudala isiza esinye esimalunga ne-1387m² ngobubanzi.

Iinkcukacha ezipheleleyo malunga nesi sindululo ziyafumaneka ukuze zihlolwe ngeentsuku zokusebenza ngamaxesha eveki phakathi kwentsimbi ye-08:00 neye-16:30 kwiSebe: Zicwangiso ngeDolophu, 16 Paterson Street, Hermanus kunye neThala leeNcwadi laseGansbaai, eMain Road, eGansbaai. Naluphi na uluvo malubhalwe phantsi, ucaphule igama lakho, idilesi kunye neenkcukacha zoqhagamshelwano, kwakunye nomdla wakho kwisicelo kunye nezizathu zokuhlomla, izimvo ezo mazifike kuMasipala (16 Paterson Street, Hermanus (e) alida@overstrand.gov.za) ngaphambili okanye ngaphambili, **uLwesine, 17 Utshazimpunzi 2025**. Imibuzo ngomnxeba ingenziwa **kuMcwangcisi weDolophu oMkhulu, uMnu. S.W. van der Merwe** kule nombolo 028 313 8900. UMasipala unokwala ukwamkela izimvo ezifunyenwe emva komhla wokuvala. Nabani na umntu ongakwaziyo ukufunda okanye ukubhala angandwendwela iSebe likaMasipala elifanelekileyo apho igosa likaMasipala liya kubancedisa ekwenzeni izimvo zabo.

DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 44/2025

152990

## OVERSTRAND MUNICIPALITY

### ERF 333, 9 ARCADIA STREET, PEARLY BEACH: APPLICATION FOR REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE DEED CONDITIONS AND REZONING: MESSRS WRAP PROJECT OFFICE ON BEHALF OF AR WHITE

Notice is hereby given in terms of Sections 47 and 48 of the Overstrand Municipality Amendment By-Law on Municipal Land Use Planning, 2020 (By-Law), of the following applications:

**Removal of restrictive title deed conditions**
